**Saterdag 22 September**

| **Skrifgedeelte: Rigters 15:1-20** | **Fokusgedeelte: Rigters 15:7, 8a, 14** |
|---|---|

# Instrument van God

"Is ek 'n geskikte instrument vir God?" So mag jy vra.

Die sterkman Simson met die swakheid vir Filistynse vroue het by uitstek tekort geskiet. Wraak en weerwraak, haat en woede het tussen hom en die Filistyne hoogty gevier. Bloed het gestroom. So anders as Jesus se opdrag dat 'n mens jou vyande moet liefhê (Matt. 5:43). So strydig met sy kruiswoord: *"Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie"* (Luk. 23:34).

Waarom al die bloed? Waarom al die wraak en weerwraak? Simson se taak was om die Israeliete te "begin red uit die mag van die Filistyne" (Rigt. 13:5). Toe Jesus sy dissipels uitgestuur het, het Hy gewaarsku dat hulle vervolg sou word (Matt. 10:17-23). Vele Chris-tene word steeds vervolg. Kan dit straffeloos voortgaan?

Sekerlik nie. Die Here self sal die vervolgers van dié wat aan Hom behoort, vergeld. Met sy eie krag en dié van die Gees wat Simson 'n instrument van die Here om sy volk te begin red uit die mag van die Filistyne. Met die uitsending van sy dissipels het Jesus hulle verseker dat die Gees van hulle Vader deur hulle sou praat (Matt. 10:20). Voor sy hemelvaart het Hy gesê: *Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom …* (Hand. 1:8).

Met sterk en swak punte kan jy 'n geskikte instrument in die Here se hande wees. Deur sy Gees gee Hy jou die krag en die toerusting wat jy as sy instrument nodig het. Is jy beskikbaar?

*Sing: Skrifberyming 14-3:1, 3*

*Ds. JH (Johan) Jordaan (Vereeniging)*